

Hoofstuk van die dag: Psalm 62

Net by God vind ek rus, van Hom kom my redding. (vers 2)

In hierdie psalm sê die digter dat hy ten spyte van herhaalde aanvalle op hom as persoon (vers 4 en 5), sterk bly staan, want hy vind sy rus in God alleen. Daarom stort hy nie in duie

of bejammer hy homself nie.
Baie van ons ken die situasie van die digter. Dinge gaan dikwels moeilik, met druk van bure, kollegas, die bank … Die vraag is, wat maak ons dan? Waar soek jy hulp? Eerste by God, of laaste, as niks anders wil werk nie? Soos die vrou wat gesê het ons sal nou moet bid, want die dokter weet nie verder nie.
Die digter het geweet waar hy rus en beskerming en hulp gaan kry. Die mag lê immers by God alleen (vers 12). Sy godsdiens was nie ’n teorie nie. Sy vertroue het ’n verskil gemaak in die manier waarop hy elke dag geleef het en sy krisisse hanteer het. Dis waartoe hy ons ook oproep (vers 9).
Die Heidelbergse Kategismus begin met die vraag: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Hierdie psalm antwoord daardie vraag. Dis ’n vraag wat ek en jy ook moet antwoord. Elke dag.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026